ADDENDUM 4

GOEIE BESTUURSPRAKTYKE EN "SOP'S" VIR BEESBOERE

Verduideliking van bullet items: Eerste gedeelte van item verstrek die rede of verduideliking vir die aktiwiteit, terwyl die tweede gedeelte 'n toets vir die boer is om te bepaal of hy/sy aan die riglyn voldoen.

1. ALGEMENE- EN REPRODUKSIEBESTUUR

- Rekordhouding: Alle diere word individueel geïdentifiseer en aangeteken.
- Om eienaarskap te bewys: Alle diere is met die geregistreerde brandmerk gemerk volgens die Diere-identifikasiewet, No 6 van 2002.
- 'n Vasgestelde teelseisoen is die basis van doeltreffende bestuur: Die teelseisoen val saam met die reënseisoen, d.w.s. die periode wanneer die voedingswaarde van die weiding die beste is.
- Voldoende energiereserwes in die kudde soos gemeet deur kondisie is noodsaaklik, veral vir doeltreffende teling en as dit onvoldoende is, moet die kudde in oorleg met 'n voedingkundige byvoeding ontvang: Die beoordeling van bulle en koeie se kondisie word gereeld gedoen, veral aan die begin van die teelseisoen en byvoeding word gegee indien nodig.
- Bul tot koei verhoudings word gehandhaaf: 'n Verhouding van 1 tot 25 word in elke afsonderlike kudde gehandhaaf.
- Vrugbaarheid van bulle: Alle teelbulle word voor die teelseisoen getoets vir hul vermoë om te paar en semenkwaliteit word ook getoets.
- Seksueel oordraagbare siektes: Skedewas of skrape vir toetsing by bulle word gereeld gedoen.
- Siektes wat swak konsepsie, aborsies of swak kalwers tot gevolg kan hê: Koeie word teen sulke siektes ingeënt in oorleg met die veearts.

- Teelsukses word deur ‘n veearts gemonitor: Rektale dragtigheid of diagnose by wyse van skandering word 8 weke na die teelseisoen gedoen.
- Twintig persent of meer koeie is nie dragtig nie: Verdere toetse word dan gedoen om die oorsaak van die lae dragtigheidsyfers te bepaal.
- Uitdunning van nie-dragtige koeie: Nie-dragtige koeie word uit die kudde verwyder en beskou as ‘n welkome bonus om die kudde-inkomste aan te vul.

2. KUDDEGESONDHEID EN BIO-SEKURITEIT

- Instandhouding van kuddegesondheid is die sleutel tot ‘n suksesvolle besigheid: ‘n Veearts behoort die plaas ten minste twee keer per jaar te besoek.
- Kalfmortaliteit voor die ouderdom van drie maande is ‘n belangrike oorsaak van swak speenpersentasie: Goeie bestuurspraktyke word toegepas om vroeë kalfmortaliteite te beperk.
- Party siektes en parasiete (uitwendig en inwendig) kom meer gereeld in spesifieke gebiede voor: Jaarlikse inentings en ‘n parasietbeheerprogram behoort in ooreenstemming met streeksvereistes en in oorleg met die veearts toegepas te word.
- Boere wat speenkalwers aan voerkrale verkoop mag moontlik ‘n voorsprong bo hul mededingers wil hê: ‘n Spesifieke inentingsprogram word voor speen toegepas vir daardie rede.
- Die kudde loop die risiko om aan CA en TB blootgestel te word: Die kudde word jaarliks vir CA getoets en alle koeie word tussen die ouderdom van 4 en 8 maande teen CA ingeënt met ‘n doeltreffende, beproefde entstof.
- Voorkomende maatreëls word vereis om te voorkom dat siektes in die kudde ingebring word: ‘n Kwarantynprogram om nuwe diere apart te hou, word gevolg. Alle inkomende diere het ‘n gepaste sertifikaat van

negatiewe toetsresultate of is afkomstig van ‘n gesertifiseerde skoon, geslote kudde.

- Veemiddels en medisyne moet geregistreer wees, korrek geberg word en voor die vervaldatum gebruik word: Alle medisyne en veemiddels is geregistreer, geberg en word volgens voorskrifte toegedien.
- Voorgeskrewe medisyne met ‘n spesifieke toediening is onder die veaartsprofessie se beheer: Alle voorskrifmedisyne word onder voorskrif van ‘n veearts verkry en toegedien.

3. DIEREWELSYN

- Spesifieke bestuurs- en roofdierbeheerpraktyke veroorsaak onnodige stres, pyn en ongemak en behoort vermy te word; en alle diere behoort menslik hanteer te word: Slegs dierewelsynspraktyke word gevolg, insluitende dié wat tydens noodslagtings gevolg word (raadpleeg ook Afdeling 7 van die Kode).
- Goed ontwerpte infrastruktuur en die korrekte toepassing van voorgeskrewe prosedures in terme van dierehanteringstoerusting kan ‘n groot bydrae lewer om te verseker dat diere die minimum stres ervaar en sal ook in die algemeen bydra tot diere se welsyn: Slegs korrekte behandelings- en hanteringstoerusting (bv. nekklem, brandmerk, demobiliseerder, meganisme om kalf uit te trek) en die laai- en vervoermetodes word gebruik.

4. VOEDING EN WEIVELDBESTUUR

- Korrekte voeding van die kudde weens koste-oorwegings en wanneer diere bemark word, bepaal grootliks die sukses van die onderneming: Voer en byvoeding vir spesifieke kuddegroepe, die diere se vereistes

en seisoene word onder die beheer van ‘n voedingkundige geformuleer.

- Die toestand van die weiding (weiveld) behoort deurlopende aandag te geniet met die doel om voortdurend te verbeter deur toegewyde bestuur: ‘n Erkende veldwei- en -rusprogram (bv. ‘n roterende program) volgens veegetalle (drakrag) soos voorgestel vir die gebied word gevolg (raadpleeg ook Afdeling 6.2 en 5.6 van die Kode).
- Bosindringing en verspreiding van uitheemse spesies hou ‘n bedreiging in vir veldtoestande, die veerkragtigheid van die ekostelsel en bewaring van waterhulpbronne: ‘n Toegewyde program om bosindringing en die verspreiding van uitheemse spesies uit te roei word gevolg (raadpleeg ook Afdeling 6.4 van die Kode).
- Waterbronne behoort beskerm te word beide in terme van kwantiteit en kwaliteit as maatreëls om weiveld te verbeter, volhoubaarheid te verseker en besoedeling te voorkom: ‘n Toegewyde program word geïmplementeer om watergebruik en bewaring te verbeter ten einde hierdie doelwitte te bereik (raadpleeg ook Afdeling 6.5 van die Kode).
- Voorkoming van gronderosie en die herwinning van verweerde gebiede sal volgens die NOP (Nasionale Ontwikkelingsplan) in die toekoms eerder verpligtend as opsioneel word: Toegewyde programme om agteruitgang van die weiveld te voorkom en verweerde gebiede te herstel word op natuurlike en meganiese maniere aangewend.

5. KOEIVERVANGINGSPROGRAM

- Vervangingsverse ontvang prioriteitsbehandeling, insluitend toegang tot weiding, en word tot en met die teelseisoen afsonderlik bestuur: ‘n Toegewyde program word toegepas.
- Vervangingsverse vereis spesifieke entstowwe om lang termyn immuniteit toe te laat: ‘n Toegewyde entstofprogram word toegepas.

6. BESKERMING VAN DIE OMGEWING EN DIE VERBRUIKER

- ‘n Kundige en toegewyde persoon moet in beheer wees van die berging en gebruik van agro-chemikalieë, veemiddels en medisyne op die plaas: Alle agro-chemikalieë, veemiddels en medisyne word korrek geberg en gebruik. Wanneer sodanige middels verval, of die houers leeg is of nie, word dit verwyder en volgens die voorskrifte weggedoen.
- Dooie diere kan ‘n gesondheidsrisiko vir mense, diere en die omgewing inhou: ‘n Aanvaarbare prosedure van verbranding, begrawing of voer aan vleisvretende diere word gevolg. As daar vermoed word dat diere met miltsiekte besmet is, moet die karkasse nie verbrand word nie, aangesien dit spore van die siekte-organisme in die omgewing kan vrystel.
- Dit is onwettig om dierlike byprodukte as voer te gebruik en dit is as verbode bestanddele vir beeste verklaar: Geen diere-afval, verbode middels of neweprodukte van diere-oorsprong word in geformuleerde voer of aanvullings gevoeg nie.
- Potensieel gevaarlike afval kan die omgewing, waterbronne en die voedselketting besoedel: Potensieel gevaarlike afval word nougeset verwyder soos bepaal deur Wetregulasies of voorskrifte (raadpleeg ook Afdeling 6.5 en 6.6 van die Kode).

7. ARBEIDSPRAKTYKE

- Daar is ‘n aantal wette wat verband hou met arbeidsregte en –bestuur (raadpleeg Afdeling 10 van die Kode): Werknemerskontrakte, minimumlone, werksure, kindersorg, ontspanningsfasiliteite, kodes en verskillende prosedures wat voldoen aan arbeidsverwante wette is in plek.

- Werknemers is geregtig op basiese behoeftes in hul leef- en werksomgewing: Behuising, water, elektrisiteit, sanitasie en beskermende klere en toerusting word voorsien.

8. WETLIKE AANSPREEKLIKHEID

Die voorkoms van enige beheerde of aanmeldbare siekte moet onmiddellik by die plaaslike veearts aangemeld word.

Verseker nakoming van ten minste die volgende Wette en Regulasies:

- Dierebeskermingswet, No 71 van 1962
- Dieresiektewet, No 35 van 1984 (insluitende die Dieresiekteregulasies, R.2026 van 1986)
- Diereverbeteringswet, No 62 van 1998
- Diere-identifikasiewet, No 6 van 2002
- Kunsmis, Veevoer- en Veemiddelwet, No 36 van 1946
- Veediefstalwet, No 57 van 1959
- Nasionale Waterwet, No van 1998
- Omgewingsbestuurs- en Bewaringswet van 2002
- Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes van 2002
- Die Vleisveiligheidswet, No 40 van 2000
- Die Wet op Gesondheid en Veiligheid in die Werksplek, No 181 van 1993
- Padvervoerregulasies
- Kodes
  - SANS 1488 Menslike Vervoer van Vee op Openbare Paaie
  - SANS 1469 Menslike Hantering en Fasiliteite vir die beskerming van Vee by Skoue, Veilings, en Skutte